DAG 64-Voorwaardes vir Herlewing: … SIEN DIT

Gen 30:38 en hy sit die latte wat hy geskil het, vlak voor die vee in die trogge, in die drinkbakke waar die vee kom drink het; en hulle het verhit geword as hulle kom drink.
Gen 30:39 En die vee het verhit geword by die latte, en die vee het gelam gestreeptes, gestippeldes en bontes.

CEV : Gen 30:38-39 Then he put the branches **where the sheep and goats would see them** while they were drinking from the water trough. The goats mated there in front of the branches, and their young were spotted and speckled.

Gen 30:38-39 Then he set the rods which he had peeled in front of the flocks in the watering troughs where the flocks came to drink. And since they bred and conceived when they came to drink, The flocks bred and conceived in sight of the rods and brought forth lambs and kids streaked, speckled, and spotted.

THE MAIN FUNCTION OF THE RODS WAS TO INFLUENCE JACOB HIMSELF IN EXPECTING WHAT HE "SAW"

Vader help ons om te glo , en die visie voor ons te plaas sodat ons nie moed sal verloor nie, maar onsself sal herinner aan elke belofte van God en in besit te neem die dinge wat U vir ons wil gee. Help ons om glo wat vir ons leer in **Hab 2:2-3** :*Toe antwoord die HERE my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees. Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd; maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie:*

Stof tot Nadenke…

As ons nie langer na God draai vir hulp nie, dan vervang ons Hom, sy
voornemens en sy manier met iets uit die wêreld.
Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry T. Blackaby en Claude V. King.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus Christus, U is my geneesheer.

DAG65-Voorwaardes vir Herlewing: …Sien dit

SPR 29:18 As daar **geen openbaring** is nie, word die volk **bandeloos**; maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy.

Pro 29:18 Where *there is* **no vision**, the people PERISH

AMPL-Pro 29:18 Where there is no vision [*no redemptive revelation of God*], the people perish; but he who keeps the law [*of God, which includes that of man*]--blessed (happy, fortunate, and enviable) is he. [
Lees : *I Sam. 3:1; Amos 8:11, 12.*]

MESSAGE - Pro 29:18 If people **can't see what God is doing**, they stumble all over themselves; But when they attend to what he reveals, they are most blessed.

PEOPLE WILL BECOME THE VISION YOU PLACE INFRONT OF THEM

Wyse Raadsman, ons vra opreg dat U in hierdie moeilike tye in gelowiges se harte sal werk, sodat hulle bymekaar sal kom om u hulp te vra. Ihelp ons Here om in die gemeente, in die gemeenskap en regoor die hele land; om dieselfde VISIE te kan he, eensgesind te kan wees. Herstel verbreekte vertrouensverhoudings en bring versoening oor alle grense heen.

Stof tot Nadenke…

Die wortel van ‘n groot gedeelte van die probleem van ‘n ‘dooie’ kerk, is die
angswekkende feit dat die meeste mense wat aanspraak maak daarop dat hulle Christene is, nooit ‘n ware ontmoeting met die Here Jesus Christus gehad het nie.
Uittreksel: Breath of Heaven deur Ken Terhoven.

Onophoudelike Gebed:

Vader, mag die Kerk in elke dorp U soek!

DAG 66-Voorwaardes vir Herlewing: Sien dit

Isa 60:4 Slaan jou oë rondom op en kyk—hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra.
Isa 60:5 Dan **sal jy dit sien** en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see gaan na jou toe oor, die skatte van die nasies kom na jou toe aan.

Ampl -Isa 60:4 Lift up your eyes round about you and see! They all gather themselves together, they come to you. Your sons shall come from afar, and your daughters shall be carried and nursed in the arms.

MESSAGE - Isa 60:4 Look up! **Look around**! **Watch** as they gather, **watch** as they approach you:

Abba Vader, In hierdie dae wat kerke meer leegloop as vol word, SIEN ONS hoe die siele instroom in ons gemeente. In hierdie tyd vertrou ons dat U die Tieners en Kinders deur u Heilige Gees sal aanraak om u wil te soek. Ons bid dat hulle, soos Josia, sal weet wat reg en verkeerd is, en die wêreldse dinge sal los. Ons vra dat hulle die krag sal ontvang om getuies te wees (Hand 1:8), en dat gebed en aanbidding in ons gemeente en ons dorp en ons land 'n bloeitydperk sal beleef in hulle geslag.

Stof tot Nadenke…

Herlewing manifesteer eerstens as ‘n diepe kommer by belydende Christene oor die vlakheid en oppervlakkigheid van hulle geestelike lewens. Dan word hulle diep bewus van die armoede in hulle verhouding met God, van die lae morele standaard van hulle lewens en hulle diens aan Christus. ‘n Diepe besef van sonde kom wanneer hulle bewus raak van die heiligheid van God en sy naderende teenwoordigheid en ervaar dat Hy nie tevrede is met hulle nie. Hierdie ervaring word soms ondraaglik. Baie Christene wat so aangeraak word, verkry uiteindelik ‘n nuwe oortuiging van God se genade, vergifnis en herstel. **Uittreksel: I will pour out my Spirit deur R.E. Davies.**

Onophoudelike Gebed:

Vader, mag die jeug van ons volk U begin vrees.

DAG 67-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

Jes 60:5 Dan sal jy dit **sien** en straal van vreugde, **en jou hart sal ontroer en verruim word**; want die rykdom van die see gaan na jou toe oor, **die skatte van die nasies kom na jou toe aan.**

AMPL - Isa 60:5 Then **you shall see** and be radiant, and **your heart shall thrill** and tremble with joy [*at the glorious deliverance*] and be enlarged; because the abundant wealth of the [*Dead*] Sea shall be turned to you, unto **you shall the nations come with their treasures**.

MESSAGE - Isa 60:5 **When you see** them coming you'll smile--big smiles! Your heart will swell and, yes, burst! All those people returning by sea for the reunion, **a rich harvest** of exiles gathered in from the nations!

NAB - Isa 60:5 Then you shall be radiant at **what you see, your heart shall throb and overflow**, For the riches of the sea shall be emptied out before you, the wealth of nations shall be brought to you.

Onveranderlike Here, in die geloof sien ons die siele wat tot bekering kom, die liggame wat genesing ontvang, die duiwels wat uitgaan en die voorsiening van die Here op elke nodige gebied. Laat ons gesigte straal vanwee die heerlikheid van die Here. Here U Woord leer ons in **Mat 5:16** Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle **goeie werke kan sien** en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Stof tot Nadenke…

Wanneer ‘n Christen na God soek, is dit ‘n proses; wanneer so ‘n persoon oorgee, is dit die produk van die soektog. **Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.**

Onophoudelike Gebed:

Ek vertrou U, Vader.

DAG 68-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

Hag 2:7 Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en **Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul**, sê die HERE van die leërskare.

Ampl - Hag 2:7 And I'll shake down all the godless nations. They'll bring bushels of wealth and **I will fill this Temple with splendor**.' GOD-of-the-Angel-Armies says so.

Message - Hag 2:7 And I will shake all nations and the desire and the precious things of all nations shall come in, **and I will fill this house with splendor**, says the Lord of hosts.

LEES: [*Jes. 60:5; Matt. 2:1-12.*]

Vader baie dankie dat ons gemeente gevul word met God se Heerlikheid ; Dankie Here dat U ons ook finansieel in staat stel om die Evangelie reg oor die wereld te verkondig. Ons vra opreg dat daar ‘n begeerte in die hart van elke persoon sal kom om U reddende genade te leer ken en om U teenwoordigheid op te soek sodat van hierdie geslag gesê sal word dat hulle slegs seën en bevryding van die Here ontvang het, omdat hulle U met 'n opregte hart in gebed gesoek het.

Stof tot Nadenke…

Herlewings is ‘n soewereine werk van God, maar dit gebeur altyd wanneer God se kinders gehoorsaam raak. Is jy en ek bereid om die pad vir die Here voor te berei deur gebed, te vas en gehoorsaamheid? **Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.**

Onophoudelike Gebed:

Ag, mag ons geslag U aangesoek soek, O God van Israel.

DAG 69-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

Exo 33:18 Daarop vra hy: Laat my tog U heerlikheid sien.
Exo 33:18 And Moses said, I beseech You, **show me Your glory**.

HEERLIKHEID- " kabowd"-, weight, splendor or copiousness:- glory, honour ; be rich,

Exo 33:19 Maar Hy antwoord: Ek sal al my **majesteit** by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.

MAJESTEIT = Hebrew- " tuwb" - goodness, beauty, gladness, welfare:-, gladness, joy, go well with.

AMPL - Exo 33:19 And God said, I will make all **My goodness** pass before you, and I will proclaim My name, THE LORD, before you; for I will be gracious to whom I will be gracious, and will show mercy and loving-kindness on whom I will show mercy and loving-kindness.

Here, laat ons U heerlikheid, U goedheid, U Glorie en Majesteit aanskou; Help ons om dit in die Gees te sien nog voor ons die Fisiese manifestasie aanskou .

Stof tot Nadenke…

Hoe dieper, meer wyd verspreid en volkome die gebed en gehoorsaamheid van Christene word, hoe wyer verspreid is die uitstorting van God se Gees tydens herlewing. **Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.**

Onophoudelike Gebed:

Vader, laat die vrees van God oor my kom...

DAG 70-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

O.V - Joh 11:40 Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?

N.V - Joh 11:40 Jesus sê toe vir haar: "Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy **die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien** nie?"

AMPL - Joh 11:40 Jesus said to her, Did I not tell you and promise you that **if you would believe and rely on Me**, you would **see the glory of God**?

HEERLIKHEID – " doxa" - glory , dignity, honour, praise, worship. **–** from the base **"dokeo**" = to think; to seem ; to be accounted, to be of reputation.



Verhewe Vader, ons erken dat ons partykeer vaskyk teen omstandighede en let op wat voor ons fisiese oe is, en dan nie geloof openbaar om die dinge te kan sien wat U wil he ons moet aanskou nie; Help ons om te glo sodat ons U heerlikheid kan aanskou. Here laat die Geestelike Lasarusse opstaan uit die dood; Laat ons kerk opstaan uit 'n dooie situasie, laat ons lewend word vanuit Godsdienstigheid en Tradisie!

Stof tot Nadenke…

Party het hulself vollengte op die vloer neergewerp, honderde het met arms uitgestrek na die hemel gestaan. Elke persoon het vergeet van die ander rondom hom. Elkeen was van aangesig tot aangesig met God. – **Jonathan Edwards.**

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus Christus, ek verhoog u naam!

GEDAGTE VIR DIE WEEK

'n Gees van gebed was vier maande lank oorheersend by 'n Baptiste Kerk. Die lidmate het begin om elke aand gebedsbyeenkomste te hou, en het in die woorde van **Jesaja 64:1** gepleit: "*O God, skeur die hemele en kom neer*!" Toe begin die drie plaaslike gemeentes gesamentlike gebedsbyeenkomste, wat van tot kerk geskuif het. Dit het vir hulle gevoel asof die heerlikheid van die Here by hulle verbygegaan het, terwyl hulle in die rotsskeur skuil. Baie gou, tydens 'n gesamentlike diens, het die Heilige Gees soos 'n 'sagte wind' op hulle neergedaal, totdat die hele plek met Hom gevul was. Sy invloed was so kragtig dat niemand, vir 'n paar minute, kon praat nie. "Al wat ons kon doen was om met trane van vreugde uiting te gee aan ons gevoelens." – **Wallis,1859.**

SELGROEP – WEEK 10

1. *Wat het jou die meeste geraak van die afgelope week se materiaal.?* _____

2. ***WAT LEER JY AANGAANDE DIE WIL VAN DIE HERE in die volgende skrifte**: - Ps.9:11; Ps.24:5-6; Ps.53:3; Spr 28:5; Sef. 2:3 ; Sag.8:21.*

3. *So sê die Here vir Israel: "Vra my my wil, dan sal julle lewe! (Amos.5:4-5).*

Amo 5:4-5 Want so sê die HERE aan die huis van Israel: **Soek My**, **dan sal julle lewe**!
(1)Maar soek Bet-el nie **(PLEK VAN ONTMOETING),**
Lees: Gen 28:19
(2)en kom nie na Gilgal nie **(PLEK VAN DEURBRAKE)**
Lees: Jos 4:20
(3) en trek nie deur na Berséba nie. **(PLEK VAN BELOFTE)**
LEES: Gen 21:31
Ons wens altyd om weer te voel soos daardie keer met die eerste ontmoeting, groot deurbraak, of belofte ... GOD SE ANTWOORD "SOEK MY" ....dan kry jy al daardie goed weer.

4. DIE **VOORDELE OM GOD (EN SY WIL) TE SOEK** –
   Soekers is LOFPRYSERS - Psa 40:16 ;
   Die Vader sorg vir die' wat hom soek.*(Ps.34:9-10).*
   Ons is gemaak ....om Hom te soek (Hand.17:26-27).
   Die Vader maak Homself beskikbaar - (Jes.65:1).

Die Here herstel/restoreer- (Hand.15:16-17).

VISIE

O God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U (Ps 63:2 –OV).